

Ondernemings ‘moet óók pa staan’

Deur **SUSAN BOTES**

Ondernemings met ’n landboubelang moet ook pa staan vir grondhervorming, meen mnr. Corwyn Botha, voormalige voorsitter van die Landboubesigheidskamer (LBK).

Hy het op Landbouweekblad en AMT se vooruitskouingskonferensie in Pretoria gesê dit is nie reg dat boere “die sweepslae vir apartheid” namens almal in die land moet dra nie. “Die Regering kry dit nie reg om hervorming af te handel nie en dit het tyd geword dat landbou-ondernemings toetree. Raak betrokke in die proses van rondhervorming en help om 20% grond binne die gegewe tyd aan swart boere oor te dra en help die boere dan ook om so vinnig moontlik suksesvol te raak.”

Me. Lindie Stroebel, senior ekonoom van die LBK, sê die kamer en sy lede is ten gunste van nouer betrokkenheid by grondhervorming, hoewel ondernemings nie by alle aspekte van hervorming betrokke kan raak nie. Sy sê talle landbou-ondernemings weet van knap swart boere wat sukkel om grond te bekom. Indien die staat en die ondernemings saamwerk, kan die regte boer op die regte grond geplaas raak.

Botha meen die LBK en Besigheidseenheid SA (Busa) kan nuttig ingespan word om ’n ordentlike grondhervormingsplan aan die Regering voor te hou. “Sou ons nie dalk die boetes wat deur die Mededingingskommissie aan landbou-ondernemings opgelê is, beter vir dié doeleinde kon gebruik nie?” wou Botha weet.

Stroebel sê die sakesektor en die Regering het al oor dié kwessie gepraat, maar burokratiese prosesse keer dat dit tot aksie oorgaan. “Die probleem is dat die staat wil hê landbou-ondernemings moet tender om ’n boer te laat vestig.” Omdat ’n goeie rekord nie van belang is in ’n tenderproses nie, word kleinboere dikwels aan die genade van opportuniste oorgelaat en landbou-ondernemings oor die hoof gesien.

Botha sê ’n onderneming het net ’n bestaansreg indien dit beter is vir sy belanghebbendes dat dit bestaan. Kliënte is die belangrikste belanghebbendes, gevolg deur aandeelhouders. “Vir die meeste maatskappye word die aandeelhouer egter vooropgestel. Ons moet onthou dat ’n aandeelhouer net dividende kan kry indien die onderneming kliënte het.”

Botha sê om dié rede moet aandeelhouders dalk vir ’n paar jaar met laer dividende tevrede wees sodat die grondhervormingsproses afgehandel kan word.